Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

# DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 16 Januarie 1952. Prys 3d. Nr. 7.

# DR. MALAN NOOI DIE KONING UIT

**Op uitnodiging van dr. D. F. Malan, eerste minister van Suid-Afrika, sal die Britse koninklike gesin, die Koning, die Koningin en prinses Margaret in Maart of April 'n private vakansie van 'n paar weke in die Unie deurbring, lui 'n amptelike aankondiging wat verlede week gelyktydig in Londen en Pretoria gedoen is. Die koninklike gesin sal tuis gaan in Botha-huis aan die suidkus van Natal wat deur dr. Malan tot beskikking van Sy Majesteit gestel is.**

Die Koning sal 'n seereis in die Vanguard onderneem om herstel van kragte ná sy onlangse ernstige operasie te soek, en die reis sal onderbreek word vir 'n stil vakansie in Natal. Daar sal geen amptelike verrigtinge in verband met die besoek gereël word nie.

### OORSPRONG

Baie interessante lig oor dr. Malan se uitnodiging aan die Koning om in Suid-Afrika te kom vakansie hou, word gewerp deur koerantberigte wat die oorsprong van die uitnodiging bekend maak.

**Anders as verwag kan word het die Britse regering of die Koning self geen aanduiding gegee dat sodanige uitnodiging verwelkom sal word nie. Dr. Malan het heeltemal spontaan en uit eie vrye beweging die koning uitgenooi. Hy kan dit natuurlik doen want hy is die hoof van Sy Majesteit se Suid-Afrikaanse regering en dit staan Sy Majesteit se eerste minister tog vry om die koning uit te nooi om in sy Suid-Afrikaanse koninkryk te kom vakansie hou. Dr. Malan se uitnodiging is derhalwe aan die koning oorgedra sonder dat hy vooraf geweet het of die koning dit sal aanvaar of nie.**

### LOJALITEIT

Omtrent twee maande gelede het dr. A. L. Geyer, die Unie se Hoë Kommissaris in Londen, namens dr. Malan die uitnodiging aan die koning gerig. Eers 'n paar dae voor die aankondiging gemaak is het die koning die uitnodiging aanvaar.

**Dr. Malan se uitnodiging word beskou as 'n treffende gebaar van lojaliteit aan Sy Majesteit, die koning van Suid-Afrika. Dit is meer bepaald die spontaniëteit van die uitnodiging wat besig is om Britse harte te roer.**

## NUWE LESERS

Gedurende die afgelope week het Die O.B. nege nuwe lesers bygekry.

Mnr. N. A. Bonthuys van Keimoes, het een nuwe intekenaar vir een jaar gewerf;

Mnr. Barry Grobbelaar, Sweet Home, Vryburg, het ook een nuwe intekenaar vir een jaar gewerf; en

Mnr. P. W. Kloppers, Robertson, het gesorg vir sewe nuwe lesers vir drie maande.

Baie dankie. Ons waardeer u hulp by die verspreiding van Die O.B. Daar is talle mense — insluitende O.B.-lede — wat graag die blad wil lees, maar net nie so ver kom om in te teken nie. Ons vra ons lesers se hulp om hierdie mense te werf as gereelde intekenare op Die O.B.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

# PROPAGANDA-SITTING VAN PARLEMENT BEGIN VRYDAG

**Oormôre, 18 Januarie, begin vanjaar se parlementsitting. Dit sal, na verwagting, tot die end van Junie duur. Parlementslede sal tweekeer vakansie kry, tydens die Paasfees en tydens die Van Riebeeck-fees. Hoewel die regering glo 'n uitgebreide program van wetgewing gaan voorlê sal die parlement stellig in Junie verdaag voordat die program afgehandel is.**

Die pogings wat aangewend is, na verlede jaar se spraaksame sitting, om die praatlustigheid van lede met nuwe reëls in te kort het misluk. Hierdie sitting, wat die laaste volle sitting voor die volgende algemene verkiesing sal wees, sal lede se tonge ongetwyfeld los maak in belang van voorbereidende verkiesingspropaganda.

### VERKIESINGSVELDTOG

Ewe naïef skryf Die Burger dan ook dat die opposisie se gebruiklike wantroue-mosie aan die begin van die sitting sal bydra „tot die heftigheid van die debatte" en wel „omdat dit die begin moet word van die opposisie se verkiesingsveldtog en sal aandui langs watter rigtings hy die regering in aanstaande jaar se verkiesing wil aanval."

**Omdat die parlement die vernaamste verkiesingsverhoog van die politieke party is en omdat die verkiesing net om die hoekie is, sal die vernaamste dryfveer agter hierdie sitting verkiesingspropaganda wees.**

**Trouens, benewens die parlementsitting, is daar die Van Riebeeck-fees en die konings-kuier wat albei die belofte van uitmuntende reklame vir die regering inhou. As mens die propagandatekens van die tyd reg lees, dan blyk dit dat die regering enige tyd na Junie 'n algemene verkiesing kan hou.**

### KARIGE INLIGTING

Te oordeel na die karigheid van die inligting in regeringskoerante oor die regering se voornemens gedurende die aanstaande sitting, wil dit voorkom asof die regering nie gretig is om sy kaarte op die tafel te lê nie. Blykbaar wil hy wag om eers die opposisie se wantroue-mosie aan te hoor.

Daar sal glo 'n paar skouspelagtige mosies voor die parlement dien. Mnr. Arthur Barlow is voornemens om voor te stel dat die parlement van Kaapstad na Pretoria verskuif word; en mnr. C. R. Swart wil voorstel dat 'n gekose komitee na aanleiding van die Wet op Onderdrukking van die Kommunisme aangestel word om die posisie van mnr. Sam Kahn te ondersoek.

### GOEWERNEUR-GENERAAL

Ander kwessies wat aandag geniet het, gaan oor die posisie van Sy Majesteit se verteenwoordiger en plaasvervanger in S.A., nl. goewerneur-generaal dr. E. G. Jansen. Wat sal sy posisie wees as die koning ook in S.A. is? Verneem word dat aangesien die koning met vakansie is, dr. Jansen normaalweg sal voortgaan om die koning se Suid-Afrikaanse pligte uit te voer.

Sekere invloedryke persone het die vraag geopper of prinses Margaret nie uitgenooi behoort te word om die Van Riebeeck-fees in Kaapstad by te woon nie; of om selfs in een of ander onderskeidende hoedanigheid daaraan mee te doen nie. Niks is egter nog in hierdie verband beslis nie.

# VOORSITTER VERDUIDELIK GROOTRAAD SE STANDPUNT

## *Geen Steun vir Partye: Aandag aan O.B. se Taak*

**Prof. D. J. van Rooy, voorsitter van die Grootraad van die Ossewabrandwag, was verlede week in Kaapstad vir 'n vlugtige besoek. Die O.B. het van die geleentheid gebruik gemaak om ses vrae aan hom te stel oor die besluite wat die Grootraad op sy jongste vergadering in Bloemfontein aangeneem het. Die voorsitter het geredelik ingewillig om die vrae te beantwoord.**

**Die vrae is doelbewus opgestel om deur middel van die antwoorde daarop gesaghebbende voorligting te gee aan die lede en ondersteuners van die O.B. oor die Grootraad se standpunt. Die antwoorde dien dan ook as 'n ondubbelsinnige uiteensetting van die betekenis van die besluite wat aangeneem is. Offisiere van die Ossewabrandwag word derhalwe aangeraai om die besluite van die Grootraad op kommandovergaderings aan die hand van die voorsitter se uiteensetting te verduidelik.**

Hieronder volg die vrae en prof. Van Rooy se antwoorde daarop:

### STEUN NIE PARTYE NIE

Eerste vraag: Wat is die betekenis van die Grootraad se besluit wat lui dat die optrede van die K.G., om die eenwording van die nasionale Afrikanerdom op parlementêre terrein te ondersteun, goedgekeur word? Beteken dit dat die Grootraad die Ossewabrandwag verbind het om 'n politieke party en in byname die nuutgestigte Nasionale Party te ondersteun?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „Beslis nie. Die besluit bekragtig slegs vir die soveelste maal die meermaal uitgesproke strewe van die O.B. om die Afrikanerdom op partypolitieke terrein, soos ook op ander terreine, tot samewerking te bring. Daarmee was en is geen koppeling van die O.B. as sodanig met een of ander politieke party bedoel nie. Waar nasionaalgesinde partye mekaar kan vind, dra dit vanselfsprekend die seën en beste wense van die O.B. weg."**

### NIE-PARTYPOLITIEKE KARAKTER

Tweede vraag: Wat is die betekenis van die Grootraad se besluit wat lui dat O.B.-lede vrygelaat word om, na eie oortuiging, by die te stigte Nasionale Party aan te sluit of nie, aangesien die O.B. geen partypolitieke organisasie is nie? Beteken dit dat die Grootraad verlang dat lede van die Ossewabrandwag by 'n politieke party en by name die nuutgestigte Nasionale Party moet aansluit?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „Die antwoord hierop volg onmiddellik uit die voorgaande. Aan geen lid van die O.B. word enige dwang ten opsigte van aansluiting al of nie by die nuwe party opgelê nie. Dit staan elke lid volkome vry om self daaroor te besluit.**

**„Met hierdie besluit word die nie-partypolitieke karakter van die O.B. gehandhaaf. Die O.B. matig hom derhalwe in hierdie verband geen seggenskap oor sy lede aan nie."**



Prof. D. J. VAN ROOY

### DR. F. D. DU T. VAN ZYL

Derde vraag: Die Grootraad het sy dank en vertroue uitgespreek in dr. F. D. du T. van Zyl, voorsitter van die direksie van Voorslag Edms. Bpk., uitgewers en verspreiders van Die O.B. wat die mondstuk is van die Grootraad; en hom versoek om voort te gaan met die uitvoering van sy verantwoordelike taak. Beteken dit dat die Grootraad die koers wat deur Die O.B. aangegee word goedgekeur en bekragtig het as synde in ooreenstemming met sy beleid?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „Die Grootraad het hierdie besluit sonder enige nadere motivering of voorbehoud geneem. As voorsitter het ek dit tereg beskou as 'n mosie van vertroue in, en waardering van die werk van die voorsitter van die direksie, dr. Van Zyl, sowel as van die beleid deur die blad verkondig."**

### BIND DIE TOEKOMS

Vierde vraag: Wat is die betekenis van die Grootraad se besluit wat lui dat die positiewe taak van die O.B. die voortdurende kragtige propagering is van die republikeinse staat geskoei op die model van die tradisionele partylose republiek van Transvaal, aangepas by die bestaanslewe van die volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied? Is dit 'n herbepaling van O.B.-beleid wat bindend is op die toekoms?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „As herbepaling van O.B.-beleid sou ek dit persoonlik nie beter kon stel nie. As die O.B. dit prysgee doen hy daarmee afstand van alle reg op verdere voortbestaan. Vandaar dat dit vanselfsprekend bindend is vir die toekoms."**

### LEIDING SE TAAK

Vyfde vraag: Wat is die betekenis van die volgende besluit van die Grootraad:

Die Grootraad beskou dit dat die O.B. die spesifieke taak het om die praktiese stappe ter verwesenliking van die ideaal van 'n republiek met 'n eie Afrikaanse staatstelsel op die grondslag van volksregering in plek van die Britse partystelsel voortaan moet voorberei deur:

(1) Propagering van die suiwere republikeinse ideaal.

(2) Bestudering van sy staatsbeskouings.

(3) Die skepping van 'n front so breed as moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige S.A. staat.

Ten einde dit te bewerkstellig, is dit noodsaaklik dat die O.B. hom geheel en al onttrek aan die partypolitiek en dat sy leiding hom uitsluitend en aktief bepaal by die bereiking van voornoemde doelstellings."

Is dit 'n bepaling van toekomstige O.B.-aksie?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „Sonder voorgestelde aksie is verklaarde beleid onvrugbaar. Hierdie formulering dui aan hoe ons te werk moet gaan om ons beleid in aksie om te sit. Die Grootraad besef dat daarmee ons aksie nog maar net in groot lyne neergelê is en dit sal nou**

(Vervolg op bls. 6, kol. 1.)

DIE O.B., WOENSDAG, 16 JANUARIE 1952

# OP PAD NA GELYKHEID

Die berigte oor die verrigtinge van die Sabra-kongres, wat elders in ons blad verskyn, behoort elke voorstander van apartheid tot diepe nadenke te stem — en veral behoort diegene wat in 1948 die huidige Regering aan bewind gestem het terwille van sy apartheidsbeleid noukeurige ondersoek in te stel na die ooreenkoms tussen die voormalige apartheidsbeloftes en die huidige apartheidsdade van die Regering.

## SAGTE WAARSKUWING

**Daar het 'n sagte, maar nietemin ontstellende, waarskuwing uit die Sabra-kongres gekom dat alles wat in die Regering se apartheidstuin blink nie goud is nie.**

Die kongres het verklaar dat die Wet op Groepsgebiede — wat deur die Regering voorgestel word as die bekroning van sy apartheidsmaatreëls — slegs 'n voorlopige maatreël is „tot tyd en wyl maatreëls getref kan word om 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika ten uitvoer te bring," met ander woorde, tot tyd en wyl apartheidsmaatreëls getref kan word. Trouens dit is duidelik gestel dat die Groepsgebiedewet slegs te doen het met woonbuurteskeiding en glad nie 'n oplossing is vir die nasionale rassevraagstuk nie.

**Die gevaar van die wet is dat sy voordeel om bestaande deurmekaarwonery van blank en nie-blank in ons land se stede en dorpe op te ruim gekanselleer word deur sy nadeel om permanente en gewettigde woonbuurtes, vir die instromende naturelle uit die reserwes, in blanke gebiede beskikbaar te stel. Die Wet op Groepsgebiede maak voorsiening vir die territoriale integrasie van die naturelle, wat vereis word om die ekonomiese integrasie van die naturelle moontlik te maak.**

**Prof. N. J. J. Olivier se waarskuwing is onomwonde. Hy sê: As ons dan wil integreer moet ons daarmee rekening hou dat die naturelle die reg sal hê om op gelyke burgerskap aanspraak te maak.**

## DIE FAGAN-VERSLAG

In 1948, net voor die algemene verkiesing, het 'n groep dosente van die Universiteit van Stellenbosch 'n verklaring uitgereik om die volk teen die aanbevelings van die Faganverslag te waarsku. Hulle het verklaar dat hulle akademici is wat nie besorg is oor die lotgevalle van politieke partye nie, maar wel oor die toekoms van hul land en hul volk.

**In die algemene verkiesing wat 'n paar maande na die uitreiking van die verklaring gehou is het die huidige opposisieparty die Fagan-verslag as sy beleid aanvaar en het die huidige regeringsparty die verslag verwerp omdat die aanbevelings daarin vervat na uiteindelike gelykstelling tussen wit en swart moet voer.**

Laat ons nou nagaan waarteen die Stellenbossers die volk gewaarsku het. In hul verklaring lui dit:

„As uitgangspunt vir sy aanbevelings het die kommissie (wat die Fagan-verslag opgestel het) aanvaar dat daar ten opsigte van die verhouding tussen blank en naturel in Suid-Afrika drie beleidsrigtings moontlik is."

Dit is naamlik: (1) totale segregasie; (2) geen rassediskriminasie; en (3) (in die woorde van die verslag) „die beleid wat aanneem dat blanke en naturellegemeenskappe, oor die land versprei soos vandag die geval is, permanent naas mekaar sal bly voortbestaan, ekonomies ineengestrengel, en dat beide dus as permanent en as onderdele van een groot masjien erken moet word, maar dat daar tewens verskille tussen hulle is waarop die wetgewing wel deeglik ag moet slaan en wat in administratiewe aangeleenthede 'n mate van skeiding, met masjinerie vir oorlegpleging in sake van gemeenskaplike belang nodig en raadsaam maak."

## PARALLELISME

Ten aansien van hierdie derde beleid wat die Faganverslag aanbeveel lui die Stellenbosse verklaring dat daar tussen die twee beleidsrigtings van uiteindelike skeiding en uiteindelike volledige integrasie geen kompromis kan wees nie, dus ook geen derde beleidsrigting nie.

„Word die ekonomiese en territoriale ineengeskakeldheid van blanke en naturel as 'n onveranderbare feit aanvaar, en word die verdere ineenskakeling tot staatsbeleid verhef, volg dit logies (omdat integrasie nie tot hierdie twee terreine beperk kan en sal bly nie) dat voorsiening daarvoor gemaak moet word dat die naturellebevolking op een of ander tydstip een of ander mate van medeseggenskap in die landsbestuur toegeken word.

„Die standpunt van die kommissie (wat die Faganverslag opgestel het) ten opsigte van hierdie aangeleentheid word duidelik weergegee in die volgende woorde hierbo reeds aangehaal: ‚dat daar verskille tussen hulle is waarop die wetgewing wel ag moet slaan en wat 'n mate van skeiding in administratiewe aangeleenthede nodig en raadsaam maak.' Ooreenkomstig hierdie beginsel word die in die lewe roep van aparte of parallele instellings vir naturelle en blankes, met die nodige gemeenskaplike skakels, aan die hand gegee."

## AANBEVELINGS WORD UITGEVOER

Dit is hierdie beleid wat die Fagan-verslag aanbeveel wat die Stellenbosse dosente in 1948 veroordeel het en waarteen hulle die volk gewaarsku het.

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

Ten slotte het hul verklaring onder meer gelui:

„Ons wil dit as ons oortuiging uitspreek dat die deurvoering van die beleid wat in die verslag aanbeveel word daartoe sal lei dat die meeste blanke stede uiteindelik bloot aanhangsels sal word van die ontsaglike naturellestede wat in die omgewing daarvan sal ontstaan en daarmee ook hul karakter as blanke stede sal inboet.

**„Ons glo nie, soos die opstellers van die Fagan-verslag meen, dat die ineengestrengeldheid van die blanke en die naturellebevolkingsgroepe reeds sover gevorder is, dat dit as onveranderbaar aanvaar moet word nie. Indien ons volk so 'n defaitistiese houding sou inneem, moet dit beteken die vrywillige aanvaarding van die verlies van die identiteit en voortbestaan, as 'n besondere en aparte entiteit, van én die blankes én die naturelle," met ander woorde dit sal lei tot gelykstelling tussen wit en swart.**

Maar die waarheid is dat die Malan-regering, net soos die opstellers van die Faganverslag, ook hierdie defaitistiese houding ingeneem het sedert hy aan bewind gekom het.

**Indien 'n waarskuwing in 1948 nodig was teen AANBEVELINGS in die Faganverslag, dan is 'n waarskuwing ongetwyfeld vandag dubbeld nodig wanneer die Malan-regering daardie selfde aanbevelings—die sogenaamde derde beleid—nogal as apartheidsmaatreëls in die praktyk toepas.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Brief met Lus gelees*

Uit Middelburg, Transvaal, het ek 'n koersvaste brief ontvang van mnr. P. G. Kilian wat ek met lus gelees het. Ons osse, wat nog in die juk staan, voel net soos hy en ons sal voortgaan om die wa te trek totdat hy sy bestemming bereik het. Hier volg mnr. Kilian se brief:

„Noudat die saamheid — nie eenheid nie — van die H.N.P. en A.P. afgehandel en 'n voldonge feit is, wil ek graag my oë so oor die spul laat gaan en opteken wat op my gemoed druk.

„'n Vriend van my, wat soos baie van ons, wat brandwagte is, nou nie weet watter kant toe nie, vra my nou die dag wat ek dink van die eenheid van die twee partye. Ek het geantwoord: Ten eerste is hulle glad nie een nie. Ten tweede dink ek van die hele spul goeters niks.

„Nouja.

### *Twee Hoogeplaastes*

„Van ons kommando hier is o.a. twee van ons hoogste offisiere nou bestuurslede van die plaaslike tak van die Nasionale Party. Hulle het my noual 'n paar keer gevra om ook op die bestuur te kom dien. Hulle rede waarom hulle lede en bestuurslede van die Nasionale Party geword het, klink goed en baie aanneemlik. Ons weet hulle was al die bitter jare van ons stryd goeie en voorbeeldige brandwagte, en sal dit nog bly. Ons weet ook dat hulle dit baie goed bedoel, en baie seker is van wat hulle doen. Ons weet verder ook dat die stap wat hulle gedoen het, terwille van die O.B. en sy strewe is. Dus wil ek nie uitwei oor die stap wat hulle gedoen het nie. Hulle het nog my nonpartypolitieke simpatie.

„Ek wil nou graag gesels oor waarom ek nie aan die partymense se versoek om lid van die party te word, wil of sal voldoen nie, en ek het dit reeds vir hulle gesê.

„Ek het nie aangesluit by die Nasionale Party nie, en ek gaan dit ook nie doen nie. Ek kan dus nie 'n bestuurslid word nie. Dis my eerste argument.

### *Onvatbaar vir Partypolitiek*

„Verder. As jy jou voorletters in die stam van 'n boom uitsny, groei die letters nie toe nie. Deur die jare heen word die letters groter.

„Sedert kommandant-generaal Van Rensburg die leier van die O.B. geword het, het hy ANTI-PARTYPOLITIEK op ons baste uitgesny; hy het dit vir ons ingevryf, ja ingebrand, dat partypolitiek nie bevorderlik is vir Suid-Afrika nie. Hy het vir ons 'n renons gegee in partypolitiek; hy het elke partypolitieke rasper, elke sweem van partypolitieke gevoel van ons siele weg gevryf met fyn skuurpapier, en ons siele toe met O.B.-politoer gepoleer.

„Ons is ontsmet geword, en ons het skoon, blink en suiwer daaruit gekom. Ons het as't ware imuun en onvatbaar vir partypolitieke gevoel daaruit gekom.

### *Spoke sal ons vang*

„Nou word aan ons gesê: Julle moet party-lede word, want alleenlik, — let wel, **alleenlik** — as die O.B.-lede ook lede is van die Nasionale party, sal ons dit regkry om ons strewe te verwesenlik. Begryp jou, slegs as jy deur die walvis ingesluk is, sal jy instaat wees om jou strewe uit te leef. Dis soos ek dit sien.

„Nou word die baie gevare wat vir ons as volk voorlê, net so mooi geskilder soos propagandiste die Duitse gevaar aan die wêreld voorgeskilder het. Spoke, spoke, en as ons nie lede van die party is nie, sal die spoke ons vang. (Nie dat ek nie bewus is van gevare wat vir ons volk voorlê nie, maar waarom moet die gevare juis bekamp word deur die Nasionale Party en met O.B.-lede as lede van daardie party?)

### *„Interneer hulle"*

„Verder. Die H.N.P. en die A.P. is nie verenig nie. Dis maar net 'n deel van die A.P.-ondersteuners en O.B.-lede wat by die Party aangesluit het, — sommige omdat hulle bang is vir die spoke, andere omdat hulle moontlik politieke aspirasies het, nog andere omdat hulle dit opreg bedoel en die hoop koester dat hulle 'n baie sterk skakel sal wees met, en vir die welsyn van die O.B. en sy strewe. Maar die meeste loop nog los, sonder hulle partypolitieke lidmaatskapkaartjie, want hulle voel hulle staan onder die eed wat hulle afgelê het: ‚Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie . . .'

„En die partye het nie een geword nie. Dis maar net op papier. Die A.P. is maar net ingelyf (of sal ek sê ingesluk) deur die H.N.P. En laasgenoemde het 'n groot oorwinning behaal, en onder hulle gelag dink ons aan die dae van die rampokkers en amalaitas; aan die dae toe oor die parlementsvloer voetstappe weerklink het van iemand met rolle papier in sy hand wat dit aan die O.B. se vyand oorhandig het; aan die dae toe in dieselfde vertrek gesê is: Interneer hulle, want hulle verdien dit. Ons dink terug aan die smaad en hoon en vernedering op byna elke gebied, wat ons moes inwurg. Ons dink aan die ge-interneerdes, en ander wat elk op sy eie gebied verneder geword is. Ja, ons slaan maar net ons plakboek na, en sien wat ons moes verduur vanaf 1939 tot 1951. Nou word ons gevra om by die politieke party aan te sluit om te help om die spoke af te weer!

### *Lekker om O.B.-lid te wees*

„Ons dink terug aan 1914-1924. Ons sien hoe daardie Groot Leier van sy eie en enigste volk, sy party gelei het. Ons sien hoe die Nasionale Party destyds waaragtig gestreef, gestry en gely het om ons volkstrewe uit te leef. Ons sien hoe, verder terug, daar Jopie Fouries, Beyerse en de la Reys en diesulkes was wat die hoogste offer gebring het terwille van ons volk se vrywording. En ons herinner ons hoe lekker dit was om lid te wees van die Nasionale Party, want daar was tog uitdruklik en duidelik iets waarvoor ons kon veg.

„So was dit weer sedert 1938. Ons was trots, — en is dit voorwaar vandag nog — om lid te wees van die Ossewabrandwag, die volk se eie beweging, want ons het geweet daar was (en is) iets om voor te veg, en die stryd was bitter maar soet.

### *Party wil net ons Stemme hê*

„En vandag? Nou moet ons weer lid word van 'n politieke party. 'n Party wat niks het om ons aan te bied nie. 'n Party waar sy lede nie eers weet waarvoor hulle moet veg nie anders as om maar elke vyf jaar 'n kruisie te trek. Wat moet ons, gelouterde en gesuiwerde brandwagte, daar gaan doen? Die hand gaan lek wat ons so bemodder het?

„Vergewe my, oom Sybrand, of wie ookal dink dat ek hier onsinnig is, maar dis nou eenmaal my sienswyse.

„Partymense is ons nie, wil en sal dit ook nie word nie. Die meeste wat die politieke party van ons wil hê — die uiterste en grootste en duurste opoffering wat hy van ons wil hê is die volgende: Op 'n gegewe datum moet ons in die geheim in 'n blokkie op 'n gedrukte vormpie twee strepies met 'n dik swart potlood oormekaar trek, in die vorm van 'n X, regoor die naam van die persoon wat deur hom aangewys is om daardie deel van die land in die Praathuis te gaan verteenwoordig . . . en daardie guns kan ons vir die party doen, sonder om lid van die party te word. Dis tog al wat die party van ons wil hê. Ons lidmaatskap tel nie, ons strewe tel nie, ons beursie . . , wel wie weet, maar verder tel niks, as net daardie twee strepies in die vorm van 'n vermenigvuldigingsteken.

### *Wen ons, so wen ons*

„Daarom, ons is O.B. en O.B. sal ons bly, heerlik, rustig, sonder partypolitieke kommer. Vir ons brand daar voor in die wapad nog 'n lig.

„En nou, oom Sybrand, my allerbeste wense aan u en die personeel van Die O.B., aan ons geliefde blad en ons dierbare organisasie en al sy lede, vir 'n baie geseënde, voorspoedige en suksesvolle nuwe jaar. Laat ons volhard. Daar is 'n stryd te stry, en die vyande is listig en groot in getal. Ons gaan voort op die

(Vervolg op bls. 5.)

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar.

Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.**

**MEUBELS**

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

**RADIO**

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**HORLOSIES EN BRILLE**

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

**GRYSHARE**

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER,** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar- en kopvelvoedingsmiddel te gebruik. Skadeloos, kleurstofvry, 5s. per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** D1/9/49

**ANTIGRYS KUNSMATIGE HAAR,** kopvelvoeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** F14/6/50

**MEDISYNE**

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis. Oortuig uself deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel. Skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** B1/9/49

**Voor u alle hoop van genesing laat vaar,** en u aan die ergste onderwerp, skryf dan vir oulaas, aan **DIE BOEREVROU, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 1)1/9/49

# 8 Miljoen Vlugtelinge

Die finale syfers van die sensus wat die regering van Wes-Duitsland in 1950 laat opneem het openbaar dat 17.6 persent van die bevolking of 7,946,000 persone vlugtelinge is.

4,500,000 van hierdie vlugtelinge is afkomstig uit Oos-Duitsland en die Saargebied en 3,500,000 kom uit gebiede buitekant die grense van die eertydse Duitse Ryk. Meer as 1,000,000 van hulle kom uit gebiede wat deur die Sowjet beheer word.

# Swaarder Strawwe

In sy party se pers word aangekondig dat die minister van justisie, mnr. C. R. Swart, van plan is om gedurende die eerskomende parlementsitting wetgewing in te dien om strenger en swaarder strawwe vir misdade soos inbraak, roof en geweldpleging voor te skryf.

Sodanige wetgewing sal ongetwyfeld verwelkom word deur alle wetsgehoorsame burgers en burgeresse wat voortdurend blootgestel is aan die skrikaanjaging van roekelose misdadigers wat oënskynlik nie afgeskrik word deur die straf van die gereg nie.

# Baba-voeding en Vrugbaarheid

**Uit Londen word berig dat bioloë aldaar die gevaar van menslike onvrugbaarheid druk bespreek omdat 'n toenemende aantal moeders nie meer hulle kinders borsvoed nie.**

Sir James Spence, 'n deskundige op die gebied van kindergesondheid het voor 'n vergadering van vroue verklaar: „Dit is die eerste keer in die geskiedenis van die biologie dat een soogdier gevoed word op die melk van 'n ander soogdier. Indien dit ongehinderd voortduur mag die vrugbaarheid van die menssoort afneem. Ons beleef tans die tweede geslag van die afname in borsvoeding. Die naweë daarvan kan nog nie bespeur word nie. Of die mens geslag na geslag so kan voortgaan, sonder nadelige gevolge ten aansien van vrugbaarheid, is 'n vraag waaroor baie van ons nadink."

Ander deskundiges meen egter dat bottelvoeding geen nadelige gevolge sal hê nie.

# WESTE MOET BREEK MET KOMMUNISTIESE OOSTE

**Mnr. P. C. Kruger, Pk. Stofberg, skryf:**

Die jaar 1951 behoort nou ook aan die verlede. So dink die meeste mense en tog is dit nie heeltemal waar nie. Elke daad en elke gebeurtenis het 'n gevolg. Dit bind die verlede, die hede en die toekoms aanmekaar. Die mens is vandag nog gebind aan die fout wat Adam gemaak het en daarvandaan is dwarsdeur die eeue goed en sleg gedoen.

## WESTERSE FOUT

Om nou nie so ver terug te gaan nie. Met die tweede wêreldoorlog het die Westerse nasies die fout begaan om Rusland te help om die enigste bolwerk in Europa teen die kommunisme uit die weg te ruim. En boonop het hulle met die veto-reg aan Stalin die mag gegee dat sy ja: ja is en sy nee: nee is al stem die hele mensdom ook teen hom. Die gevolg is dat die Westerse nasies — ons ingesluit — tot oor hulle ore belas word om wapens en dergelike dinge te maak om die kommunisme weer te stuit.

Hoedat die Westerse Christen-nasies kan gedink het dat oorlog afgeweer kan word as Stalin, die Godloënaar se ja: ja is en sy nee: nee is gaan my verstand te bowe.

## STAATSKULD VERMEERDER

Nog iets wat in die verlede gedoen is wat die toekoms bind is dat die Westerse nasies 'n sogenaamde Westerse blok teen die Ooste gestig het. In Korea veg die weste en die ooste al klaar teen mekaar, maar by die beraadslagings van die vier grootmoondhede en by die V.V.O. sit die ooste en die weste nog om een tafel met Stalin aan die hoof om te dikteer. En die Ooste het skynbaar reeds daarin geslaag om die Weste hopeloos te verdeel. Wat gaan die gevolge wees?

Wat het meer bepaald hier by ons in Suid-Afrika gebeur waaraan die toekoms gebind is? Ons regering het saam met Engeland gaan oorlog voer in Europa en daardeur is ons staatskuld vermeerder met £600 miljoen — waarop die land se belastingbetalers rente moet betaal.

## DIE VOLK BELAS

Die huidige regering het weer in Korea gaan oorlogvoer en ons voorts verbind tot deelname aan die verwagte derde wêreldoorlog. Om die rente van die oorlogskuld en die kapitaal vir die volgende wêreldoorlog bymekaar te kry word die volk tot oor sy ore belas.

Waar gaan dit eindig? Miskien eers by die puin van die hele mensdom. Want elke wêreldoorlog het die puin vergroot.

Nog iets wat in die verlede by ons gebeur het. In 1922 het op die baniere van die stakende arbeiders gestaan: Ons veg vir die behoud van die witman, en die wit arbeider het ook sy plek in die arbeidsveld behou. Maar sedertdien was daar tyd tot tyd mense wat daarop aangedring het dat die kleurskeidslyn tussen wit en swart uitgevee moet word.

## MOES PLASE VERLAAT

Nou egter is die vakrade beweeg om te verklaar dat die skeidslyn onprakties is en of tenminste die vakrade het die aangestelde staatskommissie wat die saak ondersoek het onder die indruk gebring dat dit hulle standpunt is. Besef die gewone lede van die vakrade wat die verklaring beteken? Dink net na wat alreeds met betrekking tot die blanke arbeiders gebeur het.

Eers is die blanke arbeiders op die plase uitgedruk deur naturelle-arbeiders — en ons kerke en ons staat het daarna die naturel boonop nog gaan oplei in boekgeleerdheid uit die beursie van die witman. Nou vind ons dat die naturel besig is om nog 'n vesting van die blanke werker in te neem, nl. klerklike werk. By sommige besighede is al die klerke al naturelle. Waarom gebeur dit? Net omdat die naturel vir 'n laer loon werk as die blanke.

## WAARHEEN

Indien die bevinding van die staatskommissie nou beteken dat die naturelle voortaan geleentheid moet kry om dieselfde werk as die witman te doen, wat gaan dan met die blanke arbeider gebeur? Eenvoudig dat hy voortaan met die naturel sal moet kompeteer vir werk, wat beteken dat hy met laer loon tevrede sal moet wees anders sal die naturel hom uit alle werk druk. Van die plaas af kon die blanke arbeider na die stad vlug vir werk en 'n heenkome, maar as hy voortaan ook uit die stad gedryf gaan word waarheen sal hy dan kan vlug?

So sien ons hoedat alles wat vandag gedoen word die toekoms bind.

## SWART TOEKOMS

En in die laaste tyd word daar so min goed gedoen en so baie kwaad gedoen dat die toekoms vir die waarnemer wat dit betrag al swarter word. As die blanke werker met die hulp van die regering nie nou 'n plan kan beraam om die blanke werker in sy besondere werkkringe te bestendig nie, dan sien ek geen toekoms vir die blanke werker in ons land nie.

As die Westerse volke nie finaal met die Oosterse kommunistiese state breek nie dan is dit verby met die Westerse blok. Want solank die Ooste seggenskap het oor die Weste en die Weste kan verdeel so lank sal die Ooste bly heers oor die Weste soos dit vandag die geval is.

# BESORG OOR O.B.

**Mnr. G. Tomlinson, Mosselrivier, Hermanus, skryf:**

Soos meeste van ons wat die jare deur gestry het, het ek die Ossewabrandwag op die hart en die huidige toestand besorg my baie kommer. Ek meen dat dit, onder kamerade, die beste is om met ope visier te werk en derhalwe voeg ek by dat dit geen geheim is nie dat daar 'n sterk meningsverskil skyn te heers tussen dié brandwagte wat glo dat die aktiewe kragte die huidige Afrikaans-republikeinse parlementêre front (die passgestigte Nasionale Party) moet steun — of minstens dit nie moet beveg nie — en dié brandwagte wat voel dat die antipartypolitieke aksie op die oomblik meer gebiedend noodsaaklik is as die mate van Afrikanereenheid wat op die parlementêre terrein verkry is. Korteliks kan ons dit saamvat as dié brandwagte wat die K.G. se siensw yse deel, en die wat blykbaar meen dat die K.G. die O.B. te sterk aan die huidige parlementêre Afrikanerfront wil koppel; bes moontlik ten koste van die partylose gedagte van die O.B.

## VERSOEK

Sonder om hier onnodiglik te wil kant kies tussen kamerade (u kan dit gerus aan my eie O.B.-gewete oorlaat om die doelstellings van die beweging nie te verloën nie ewe as ek aan andere hul eie gewete gun) wil ek op een aspek van die meningsverskil wys wat m.i. in die blad duideliker behoort gestel te word en wat dalk deur menigeen oor die hoof gesien word. Ek wil vertrou dat u bereidwillig sal wees om op hierdie punt helderheid te bring, en die versoek wat ek aan u gaan rig my nie sal verkwalik nie.

## HERHAAL

In die afgelope tyd het dit gewoonte geword — wel, meen ek, met goeie redes — om een Grootraadsbesluit in alle breedvoerigheid en met vetletteropskrifte te stel en te behandel. Ook is verskeie hoofartikels en 'n artikel van die A.K.G. daarvoor geplaas. Kom ons noem dit maar die „anti-partypolitieke" besluit. Ek weet dat Grootraadbesluit bly Grootraadsbesluit en dat toeligting nodig mag wees. Maar ek meen tog, in alle billikheid, dat u die lesers 'n beter begrip van die gesindheid van die Grootraad sal gee as twee ander Grootraadsbesluite wat ook op die jongste sitting geneem is, gelyke prominensie verleen word.

Sal u (dit is my versoek) so vriendelik wees om onderstaande twee Grootraadsbesluite, wat sonder 'n enkele teenstem aanvaar is, asseblief weer te druk en wel in vet letters waarin die vierde besluit deur u geplaas is. Vir vergelyking verwys ek na Die O.B. van 17 Oktober 1951.

## BESLUITE

**Besluit 1.** Die Grootraad keur die optrede van die K.G. in sy ondersteuning van Eenwording van die Nasionale Afrikanerdom op Parlementêre terrein goed.

**Besluit 2.** Aangesien die O.B. as sodanig geen party-politieke organisasie is nie laat die Grootraad dit aan lede van die beweging heeltemal vry om, na eie oortuiging, by die gestigte Nasionale Party aan te sluit of nie.

## VERGEET

Ek meen dat mens of geen waarde aan 'n besluit van die Grootraad hoef te heg nie (en dit sou die einde van die O.B. beteken) óf gelyke waarde, en nie die een beklemtoon en die ander op die agtergrond stoot nie. Dit is om die rede dat ek die versoek stel want ek twyfel nie dat baie lesers besluite 1 en 2 teen dié tyd al vergeet het en daardeur 'n onvoldoende beeld mag kry van die gees waarin die K.G. se leiding bedoeld en uitgevoer is en ook die gees waarin die Grootraad dit sonder 'n enkele teenstem ontvang en goedgekeur het.

(In die uitgawe van Die O.B. van 17 Oktober 1951 is al die besluite van die Grootraad in letters van dieselfde grootte gepubliseer. — Red. Die O.B.).

# Soos Ons Lesers Dit Sien

# PARTYSKAP

**„Waarnemer," Robertson, skryf:**

Die eerste minister, dr. D. F. Malan, het seker 'n fout gemaak toe hy gesê het dat die Van Riebeeck-feesvierings onder die leuse: Ons bou 'n Nasie, moet

(Vervolg in kol. 1.)

(Vervolg van kol. 5.)

plaasvind. Of is dit moontlik dat dr. Malan nog nie Galate 5 vers 20 gelees het nie? Daar word partyskap, saam met baie ander „werke van die vlees" veroordeel.

Om 'n nasie te wil bou op partyskappe is om nooit 'n nasie te wil sien nie.

Wat help dit om vuur te dra in die een hand en water in die ander om dit dood te gooi?

**Werf Intekenare op DIE O.B.**

Stuur asseblief die O.B. aan (skryf naam en adres in blokletters):

NAAM ........................................................

ADRES ........................................................

........................................................

★ Bovermelde nuwe leser het self ingeteken op Die O.B.

★ Ek laat Die O.B. op my rekening na bovermelde leser stuur.

(★ Krap uit wat nie van toepassing is nie.)

Tydperk van intekening waarvoor betaal word is

........................................ en bedrag wat ingesluit

word is £......:..................s..................d.

Handtekening en adres van afsender:

........................................................

........................................................

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**
Voeg asseblief kommissie by plattelandse tjek.

*Ander Se Menings*

# AMERIKAANSE BELEID IS GEVAARLIK VIR S.A.

**„Terwyl ons weet waar ons met die Kommunisme staan en daar vir die blanke by ons presies niks te verwagte is as die Kremlin baas van die wêreld moet word nie, is dit vir elke objektiewe waarnemer uiters moeilik om vas te stel wat Amerika se houding ten opsigte van die blanke beskawing in Suid-Afrika is,", skryf Die Vaderland.**

„As ons by Amerika se buitelandse beleid kom, is daar veel wat ons verbyster en wat vir ons soms hoogs eienaardig lyk. Die houding wat daar so dikwels ingeneem word teenoor die blanke beskawing in Suidelike Afrika is nie net in hoë mate onkundig nie, maar dikwels uiters gevaarlik vir ons toekoms. Hoe meer Amerika se beleid ontplooi, hoe duideliker dit word dat daar dikwels, soos ons maar by alle groot moondhede kry, 'n dik streep opportunisme op te merk is. Amerika se blik is op die oomblik gerig op die Ooste en hy doen sy uiterste bes om hom as die groot vriend van die ontwakende geel rasse voor te doen. Die Amerikaners glo eerlik dat hulle die nasionale gevoel wat daar opvlam in die rigting van „demokrasie" kan lei, soos die geval vandag in Japan en Filippyne is.

**BLANKE OORBOORD**

„Met hierdie standpunt oor die „demokrasie" kan ons maklik daarby uitkom dat die blanke in Suid-Afrika oorboord gegooi kan word vir die groot handelsbelange wat die nieblanke vir Amerika kan meebring! Volgens daardie soort „demokrasie" moet die nieblanke Suid-Afrika „demokraties" regeer, mits hulle vriendelik staan teenoor Amerika se aspirasies! In hierdie houding lê soveel gevare opgesloten vir Suid-Afrika dat dit onmiddellik veel verklaar wat op die V.V. plaasvind."

## Nuttige Les

**„'n Nuttige les vir alle Koloniale moondhede in Afrika lê opgesloten in die pas vrygestelde verslag van dr. Hjalmar Schacht oor Indonesië," verklaar Dagbreek. Dr. Schacht is enige tyd gelede deur die Indonesiese regering uitgenooi om hulle te kom adviseer oor hulle finansiële moeilikhede.**

„Saamgevat kom die Duitse deskundige se bevinding hierop neer: Al Indonesië se moeilikhede vloei voort uit die plotselinge oorgang van 'n goed funksionerende staatsbestuur (onder Nederlandse administrasie) na 'n toestand van onbevoegde regering.

„Dr. Schacht se advies is: Indonesië moet die Verenigde Volke vra om vir hulle 'n behoorlike polisiemag te organiseer en toe te rus solank as hulle dit nie self kan doen nie; hulle moet toestande vir kapitaal uit die buiteland aantrekliker maak; hulle moet minder bevooroordeeld wees teen samewerking met Nederland en ander vreemde volke, en hulle moet harder werk.

**LEË DOP**

„Of hierdie raad gevolg sal word, val te besien. Die Schachtverslag hou egter 'n les in wat in Afrika benut kan word voordat dit te laat is. Want ook hier is in baie gebiede dieselfde soort baldadige nasionalisme onder inboorlinge aan die werk wat Indonesië in die huidige pekel laat beland het. Ook hier is inlander-agitators besig om die massas met die kreet van politieke vryheid te verblind vir die noodsaaklikheid van tegniese leiding en ekonomiese hulp, en ook hier is „wêreld-opinie" besig om die proses aan te help met die naoorlogse neiging om alle klem te lê op menslike „regte" ongeag die stadium van beskawing en bevoegdheid. In Afrika, veel meer nog as in Indonesië, sal sulke regte, voorbariglik geforseer, 'n leë dop blyk te wees."

## Ondergeskikte Apartheid

**Na aanleiding van die Sabrakongres oor die Wet op Groepsgebiede, wat op Pietermaritzburg gehou is, skryf die Cape Times in 'n hoofartikel:**

„Hoewel die leiers van Sabra dit moontlik mag ontken voel ons tog dat die huidige kongres, wat die klem laat val op die Wet op Groepsgebiede, in die toekoms bekend sal staan as die begin van die ommekeer van die Sabra-rigting. Sabra is gebou op die oortuigings van die akademici van Stellenbosch wat hulle standpunt ten aansien van rasseverhoudings in 1948 gepubliseer het.

**GEEN MIDDEWEG**

„In kort was hulle standpunt dat daar geen middeweg in rasseverhoudings is nie; daar moet uiteindelik algehele apartheid wees, met outonomie vir die nie-blankes in hulle eie gebiede of daar moet gelyke regte wees vir almal afgesien van kleur. Hierdie standpunt is betwis deur diegene, insluitende die Cape Times, wat aangevoer het dat daar 'n middeweg is van harmonieuse vennootskap onder blanke leierskap, soos aanbeveel deur die Fagan-verslag.

„Die Wet op Groepsgebiede word voorgestel as 'n stap in die rigting van apartheid; en dit is so, maar dit is apartheid van ondergeskikte betekenis. Dit sal meestens indiwidue van dieselfde kleur, of klein groepies mense van dieselfde kleur tot groter groepe laat saamgroei. Maar tallose getalle van hierdie groter groepe—die Indiërs in Natal, Naturelle in alle stedelike en plattelandse gebiede en die Kleurlinge in Kaapland—sal nog steeds na alle kante omring wees deur blanke gebiede.

„Die middeweg—die derde derde weg—sal nog nodig wees.

**ONGESKIKTHEDE**

„Afgesien van die plaaslike outonomie wat hierdie mense mag hê, sal hulle nog ten nouste geraak word deur regeringsbeheer oor belasting, lone, voorwaardes van indiensneming en so meer. Indien hulle geen seggenskap het in die bepaling van hierdie sake wat hulle raak nie, dan sal hulle juis ly aan daardie ongeskikthede wat Sabra verwerp as onregverdig.

„Dit is nie 'n akademiese saak nie. Dit is 'n lewensbelangrike saak van botter-en-brood-belang vir die betrokke mense en dit is een wat Sabra vierkantig in die gesig moet kyk."

## Brittanje Is Amper Bankrot

**„Brittanje gaan oor minder as 'n jaar bankrot wees as die agteruitgang in sy geldsake nie gekeer word nie. Dit gaan tans op 'n galop na die afgrond. In die laaste kwartaal van die afgelope jaar het Brittanje meer as 'n kwart van sy totale reserwes verloor; en teen dié tempo sal Brittanje binne drie maande wees waar hy met die devaluasie van die pond in September 1949 begin het," lui 'n hoofartikel in Die Burger.**

„Huule sit in die nuwe verknorsing omdat hulle in die laaste tyd te min dollars verdien en te veel uitgee. Hulle teer op hul kapitaal aan goud en ander reserwes. Om die ewewig te herstel, sal hulle meer dollars moet verdien of, as dit vir hulle onmoontlik is, veel minder moet uitgee. Hulle sal moet harder werk en hulle met 'n laer lewenstandaard tevrede moet stel. 'n Volk, soos 'n individu, kan op die lange duur nie meer uitgee as wat hy verdien nie. 'n Volk kan allermins 'n welsynstaat stig as hy nie bereid is om deur harde werk vir al die maatskaplike dienste te betaal nie. Op Brittanje lê boonop die verpligting om te bewapen; en dit is vir hom alles te veel. Maar die

(Vervolg in volgende kol.)

(Vervolg van voorgaande kol.)

keuse is onverbiddelik. Dié keuse is bankrotskap of harder werk met 'n laer lewenstandaard.

# Tien Jaar Gelede

## VRYHEIDSVLAM BRAND

**Op 14 Januarie 1942 het Die O.B. geskryf: Die aandag van kommando's word weer daarop gevestig dat 27 Februarie, die datum waarop die Boerewapens in 1881 die oorwinning behaal het oor die Britse magte op Amajuba deur die Kommandant-generaal tot Vryheidsdag verklaar is, en dat elke brandwag die dag as sodanig sal vier.**

Reëlings moet getref word om laertrekkings op geskikte plekke te hou sodat elke eenheid in staat sal wees om dit by te woon. Die groot sentrale fees word op Majubaberg gehou.

Die vryheidsvlam wat in 1938 deur die Voortrekkerbeweging van Kaapstad tot by Pretoria gedra is, sal van Majuba af, waar hy tans brandende gehou word, oor die hele land versprei word tot op elke feesplek.

Kaapland se vlam is hierdie week reeds gehaal en word in die O.B.-kantoor brandende gehou. Hoofoffisiere van afgeleë plekke sal die vlam vroegtydig daar moet gaan aansteek. Van hulle af word dit weer deur die verskillende offisiere waar feeste gehou word, oorgebring na die feesterrein waar die groot vryheidsvuur op die aand van die 27ste Februarie aangesteek sal word.

# Van die Os op die Esel

(Vervolg van bls. 2.)

ingeslane weg. Laat die politieke partye maar luister: ons voete dreun nog op die Pad van Suid-Afrika waarop ons ingeval het in 1938.

„Wen ons, so wen ons, kom ons om, so kom ons om . . ."

Ek wil aan my geagte lesers sê: Ek is nie bekommerd nie. Die Ossewabrandwag sal nie omkom nie want sy Kilians sal dit nooit toelaat nie."

### *My Besondere Ydelheid*

My lesers het seker al opgemerk dat ek die gewoonte het om nou en dan voorspellings te maak. Dit is my besondere ydelheid en ek is natuurlik baie in my skik as my voorspellings bewaarheid word. Dit is tog menslik. Op 12 September 1951 het ek 'n voorspelling gemaak wat volgens 'n berig in Die Burger van 9 Januarie 1952 ten volle bewaarheid is.

Nou weet my lesers dat ek nie een van die profete is wat net brood eet nie. Nee, ek voorspel reg. Daarom moet my lesers die voorspellings wat ek in die vervolg gaan doen tog asseblief na waarde skat!

Hieronder volg my voorspelling van 12 September:

„Die parlement het 'n spesiale komitee benoem om in hierdie reses oorweging te skenk aan „metodes waarvolgens parlementsittings verkort kan word" en „om te kyk in hoeverre debatte ingekort kan word." Ek hoop werklik dat die komitee doeltreffende planne aan die hand sal doen. En in hierdie blye verwagting verwelkom ek die aanstelling van die komitee. Ek moet egter in alle eerlikheid beken dat hoewel ek hoop vir die beste, ek my tog klaarmaak om nie teleurgesteld te wees as die slegste gebeur nie.

### *Die Temerige Woordevloed*

„Ek kan nie glo dat die beroepspolitici nou skielik self moeg geword het vir hul eie langdradige spraaksaamheid nie. Die mense 's so lief om hul eie stemme te hoor dat ek glad nie oortuig is dat die komitee daarin kan slaag om hul praatlustigheid doeltreffend aan bande te lê nie. Ek hoop die komitee slaag daarin, maar ek is bevrees dat solank die beroepspolitici se praathuis bestaan, sal sy produk maar altyd die temerige woordevloed wees.

„Dit word gesê dat 'n mens nie met 'n vrou oor haar ouderdom moet lol nie. Sy is glo baie gevoelig daaroor. Ek weet nie of dit waar is nie. Maar ek weet wel dat 'n mens nie met die beroepspolitikus oor sy „toesprake" moet lol nie. Hy is vreeslik gevoelig daaroor. Elke suksesvolle beroepspolitikus hamer die geloof by sy kiesers in dat die stortvloed van woorde wat hy op sy party se verhoog kwytraak „die volk sal red" — en wee die arme ketter wat dit nie wil glo nie!

„Boonop glo elke beroepspolitikus vas dat die treffende woorde wat hy in die parlement uitspreek „my setel sal red" as sy kiesers dit maar net kan hoor of lees. Derhalwe kla hy steen en been dat sy party se koerante hom gruwelik afskeep as sy treffende woorde nie met ophef en volledig „in die pers" verskyn nie.

### *Onbegonne Taak*

„Dit is nou die taak van die spesiale komitee om met hierdie „toesprake" van die beroepspolitici te lol, — ja, om dit te verkort en miskien selfs uit te skakel. Begryp jou aan! Wat gaan van die beroepspolitici se „arme ou volkie" en „my setel" word as die spraaksame mense se tonge in hul eie praathuis gekniehalter moet word?

„Het my lesers al ooit van 'n onbegonne taak gehoor? Dit is wat die komitee aangepak het."

Die berig in Die Burger wat my voorspelling bewaarheid, lui onder meer soos volg:

Die werk van die volksraad het met die jare al hoe meer lang gerek geword.

Met die doel om in oorleg met die opposisie 'n weg te vind tot hervorming van die debatsreëls om 'n bespoediging te verkry, is verlede jaar teen die end van die parlementsitting 'n komitee saamgestel deur die Volksraad se Komitee op die Reglement van Orde om besprekinge te voer oor veranderinge in die reglement wat sou kan bydra tot vermyding van tydverkwisting.

### *Babbelary sal voortwoeker*

Die besprekings het tot geen ooreenkoms gelei nie omdat die opposisie tot geen inkortings wil instem nie. Hy beskou elke poging tot inkorting as 'n bedreiging van sy regte.

Die Burger kom tot die slotsom dat die pogings op niks uitgeloop het nie en dat daar nie met die saak sal voortgegaan word nie.

Dit beteken dat die babbelary ongehinderd in die parlement sal voortwoeker. Dit het ek — en elke leser van Die O.B. vooraf geweet.


Beter Tabak maak Beter Sigarette




Kommando

Suid-Afrika se gewildste sigaret

# Woonbuurtskeiding Is Nie Oplossing Van Rassevraagstuk Nie

**Op sy kongres in Pietermaritzburg, waar die Wet op Groepsgebiede as onderwerp gedien het, het Sabra besluit dat hy die genoemde wet slegs as voorlopige maatreël aanvaar tot tyd en wyl maatreëls getref kan word om die beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika ten uitvoer te bring. Dit moet in gedagte gehou word dat die finale en volkome oplossing vir ons rassevraagstukke nie geleë is slegs in die plaaslike skeiding van die rasse (of woonbuurtskeiding) nie, is verklaar.**

Die besluit van die kongres lui: „Die kongres is van mening dat hierdie maatreël, nl. die Wet op Groepsgebiede, nie beskou moet word as die enigste of finale een om uitvoering te gee aan die beginsel van algehele skeiding tussen rasse om die verhoudingsvraagstuk in Suid-Afrika geheel en al op te los nie, maar dat dit aanvaar moet word as 'n voorlopige maatreël tot tyd en wyl maatreëls getref kan word om 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling ten opsigte van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika ten uitvoer te bring."

### GEBIEDSKEIDING

Vervolgens het die kongres die regering versoek om by die toepassing van hierdie wet ten opsigte van naturelle met die grootste versigtigheid te werk te gaan.

Verskeie sprekers het beklemtoon dat die Wet op Groepsgebiede nie 'n finale oplossing vir die rassevraagstukke is nie. Prof. dr. P. J. Coertze het gesê dat blote plaaslike skeiding van die groepe in die stede nie die einde van die taak is nie.

**Prof. N. J. J. Olivier het gesê dat die beginsel van woonbuurtskeiding nie die enigste skeidingsbeginsel is wat in die Unie aanvaar is nie. Die instelling van reservate vir die naturelle is 'n bewys dat die beginsel van groter gebiedskeiding ook aanvaar is. Die toepassing van woonbuurtskeiding kragtens die Groepsgebiedewet moet so vertolk word dat dit te doen het met die praktiese vraagstukke van vandag en nie 'n oplossing van die hele nasionale rassevraagstuk is nie.**

### REPATRIASIE

Ten opsigte van die Asiate het die kongres die regering versoek om onmiddellik alle Asiate te repatrieer wat tydens die aanname van die Wet op die Registrasie van die Bevolking nie genaturaliseerde burgers van Suid-Afrika was nie. In 'n referaat oor die Indiërkwessie het prof. dr. P. J. Coertze verklaar dat daar 'n merkwaardige ooreenstemming is in die wense van die Afrikaans- en Engelssprekendes oor die repatriasie van die Indiërs. Hulle voel soos een man daaroor. En tog sedert 1910, ten spyte van die een versoekskrif na die ander, was daar 'n „skynbaar totale onvermoë van enige regering om voldoening te gee aan die uitgesproke wens van die publiek."

### PARTYPOLITIEK

**In verband met blanke samewerking is die volgende besluit geneem: „Sabra wil dit by hernuwing as sy oorwoë mening uitspreek dat die twee blanke dele van die bevolking dit nie kan bekostig om met mekaar te twis oor wat die oplossing van die verhoudingsvraagstuk van hierdie land moet wees nie en doen derhalwe 'n baie ernstige beroep op alle belanghebbende partye om hul geledere te sluit en gesamentlik die taak op oordeelkundige en welwillende wyse aan te pak."**

In sy voorsittersrede het prof. dr. G. B. A. Gerdener die aanlag daarby bepaal dat daar te min objektief gedink word oor die rassevraagstuk. 'n Menigte mense kan of wil geen selfstandige oordeel daaroor vorm nie. As rede hiervoor het hy genoem dat die kwessie in sekere opsigte ingeskakel is by die partypolitiek.

### OPOFFERENDE DADE

„Om die taak van nasiebou ten opsigte van beide blank en nie-blank met welslae aan te pak, moet daar by alle volksgroepe die nodige bereidwilligheid wees om grootse en opofferende dade te verrig," lui 'n verdere besluit van die kongres. „Daar moet 'n gees van goeie trou en onderlinge welwillendheid aan die kant van sowel blank as nie-blank bestaan." Derhalwe doen die kongres 'n beroep op alle belanghebbendes, met inbegrip van die pers, om hierdie onderlinge welwillendheid en bereidwilligheid tot wedersydse opoffering te bevorder in belang van gesonder rasseverhoudings.

### BETROUBARE INLIGTING

In belang van oordeelkundige kontak tussen blank en nie-blank ter bevordering van 'n beter begrip van onderlinge gesigspunte beveel die kongres aan: meer kennis by die blankes van die naturelle se taal en leefwyse en van die probleme wat vloei uit die saamwoon van verskillende rasse in een land; en meer kennis by die naturelle van die Afrikaner se taal en sy standpunt oor rasseaangeleenthede.

**Voorts het Sabra onderneem om, by hernuwing, deur die verspreiding van betroubare inligting in die buiteland onkunde en skewe voorstellings te bekamp; en om pamfletvoorligting oor rasseaangeleenthede aan immigrante te verskaf.**

Die kongres het prof. dr. G. B. A. Gerdener, van die Teologiese Kweekskool op Stellenbosch, herkies tot voorsitter. Die provinsiale voorsitters is: Kaapland, prof. N. J. J. Olivier; Transvaal, dr. F. J. Language; Vrystaat, prof dr. A. van Schalkwyk; en Natal, mnr. J. J. Boshof.

## VOORSITTER VERDUIDELIK

(Vervolg van bls. 1, kol. 5.)

**die taak van die O.B.-leiding en van die blad wees om dit nader uit te werk en vir elke O.B.-lid om dit te propageer."**

### ONTTREK AAN PARTYPOLITIEK

Sesde vraag: Wat is die onderskeie waardes van die besluite van die Grootraad? Het sommige tydelik en ander blywende betekenis vir die O.B.?

**Prof. Van Rooy se antwoord lui: „Miskien kan ons die besluite in hul geheel as volg ontleed: Gedeeltelik word daardeur die seël gedruk op ons verlede. Die nasionaalgesinde partye het mekaar gevind — ons hoop dat die bande van meer as tydelike aard gaan wees. Daardeur kry die O.B. die kans en die plig om hom as beweging heeltemal van hierdie terrein te onttrek en sy volle aandag aan sy eie spesifieke taak te gee.**

**„Dit is, myns insiens, die tweede en belangrike deel van die Grootraadsbesluit. Wat die taak gaan wees is duidelik en ondubbelsinnig in die besluite vasgelê. Tot welke maatreëls dit ons in die toekoms gaan dwing, kan ons by hierdie stadium nie voorspel nie. Maar een ding is seker. Om sy ideale te bereik, behou die O.B. hom die reg voor om van alle geoorloofde weë en middele gebruik te maak, soos die tyd en die geleentheid dit nodig mag maak."**

## Soldate Skaars

Brig. H. B. Klopper, leërstafhoof, het in Pretoria verklaar dat dit verontrustend is dat baie min jongmanne aansoek doen om opgelei te word deur die militêre, lugmag- en vlootgimnasium van die departement van verdediging.

Kadette moet 'n kursus van een jaar in die gimnasium volg om opgelei te kan word as offisiere.

# Weste Moet Kies

(Vervolg van bls. 3. kol. 3.)

tieke teenstanders waag om te hoop." Nog duideliker skryf die New York Times op 1 Desember, onder die invloed van Eisenhower se waarskuwing, openlik: „Dr. Adenauer se regeringskoalisie heers wel nog in die volksraad, en het genoeg stemme om die ratifikasie van die ooreenkoms te verseker waardeur Wes-Duitsland 'n deel van die Wes-Europese gemeenskap word. Maar verskillende amptenare van die Westerse moondhede twyfel daaraan dat hierdie toestemming van enige waarde is as dit slegs 'n toestemming is van 'n klein partypolitieke meerderheid en nie die toestemming van die gehele volk nie."

### VOORWAARDES

En hier ontstaan die vraag: onder welke voorwaardes kan die Westerse moondhede die toestemming van die volksmassa verkry? Juis Eisenhower se woorde maak dit duidelik dat hy nie van die gedwonge lewering van loonsoldate deur die Adenauer-regering hou nie maar dat hy daarvan oortuig is dat alleenlik die aktiewe en vrywillige samewerking van die Duitse volk van waarde is, wat voortspruit uit 'n innerlike bereidwilligheid van Duitse soldate om te veg.

As die Westerse moondhede hierdie verklaring van genl. Eisenhower aanvaar, dan moet hulle die nasionale lewenseise van die volk vervul, wat onder die volgende hoofde saamgevat kan word:

(1) Algemene verkiesings in die hele Duitsland, min of meer op grondslag van die ou Weimar-konstitusie, wat desnoods onder toesig van die vier besettingsmagte kan geskied.

(2) Ingeval sulke verkiesings nie kan plaasvind nie, dan moet Wes-Berlyn dadelik in die Federale Republiek van Wes-Duitsland opgeneem word, en vrye verkiesings in die westerse gebied, insluitende Wes-Berlyn moet uitgeskryf word.

(3) Tensy die eenheid van Duitsland bewerkstellig word, kan Wes-Duitsland nie ingelyf word by Wes-Europa nie want daardeur sou die skeiding tussen Oos en Wes net vererger word.

(4) As bydrae tot die verdediging van Wes-Europa stel Duitsland 'n eie leër op, waarvan die sterkte en organisasie gelykstaan met Frankryk se leër; vir elke twee Duitse divisies wat opgestel word, verlaat een divisie van die huidige besettingsmagte Duitsland, met dien verstande dat by 31 Desember 1953 geen vreemde soldaat meer in die land is nie.

(5) Ingeval — teenstrydig met die volkswil — Rusland Wes-Duitsland en Wes-Europa aanval, in welke geval Duitsland oorlog en burgeroorlog te vrees het, gee die Westerse moondhede die waarborg dat Duitsland se grense vasgestel word soos op 1 Januarie 1938.

**Alleen dan sal die Duitse volk bereid wees die dubbele offer van oorlog en burgeroorlog weer te dra.**

**Aangesien die oorweldigende meerderheid van die volk wat die gesamentlike eenheidsfront van die nasionaal-demokrate en die sosiaal-demokrate insluit, moet die Westerse moondhede besluit wie hulle as bondgenote wil hê: Adenauer of Duitsland.**

Die beslissing lê in Washington.

## Gee te Maklik Geld Uit

Geld word nog gans te maklik in die Unie uitgegee, en te min word gespaar, het adv. Eric Louw, minister van ekonomiese sake, verklaar.

Die huurkoopstelsel dra baie hiertoe by. Daarom het hy sy departement opdrag gegee om die hele kwessie te ondersoek en voorstelle te doen wat die rem in hierdie opsig kan aandraai.

# BRITTANJE IS NIE DEEL VAN EUROPA NIE

**President Truman en mnr. Churchill het die eerste skof afgelê van hulle samesprekings. Mnr. Churchill het in New York gaan kuier by sy ou vriend, mnr. Bernard Baruch, die Amerikaans-Joodse miljoenêr. Die Britse eerste minister het daarin geslaag om vir Brittanje die veto-reg te verkry oor die gebruik van Amerikaanse lugbasisse in Brittanje, wat atoombommagnete in oorlogstyd kan word.**

In 'n verklaring wat na die samesprekings uitgereik is, lui dit: „Ons herbevestig die verstandhouding dat die gebruik van hierdie basisse in 'n geval van nood 'n saak sal wees vir gesamentlike besluit tussen die regering van Sy Majesteit en dié van Amerika in die lig van die omstandighede wat dan sal heers."

Die verklaring lui voorts dat die twee leiers ooreengekom het oor 'n beleid vir die Midde-Ooste; gevorder het met betrekking tot maatreëls wat getref moet word om die Britse staalnood te verlig; besluit het om die verdediging van Europa te ondersteun; en besluit het, oor die kwessie van die standardisering van gewere, dat dit onverstandig sal wees om in hierdie kritieke tyd hul gewere te verander.

### WÊRELDMOONDHEID

**In 'n hoofartikel verklaar die Cape Times dat die verklaring een baie belangrike feit onderstreep — „Brittanje het weer 'n wêreldmoondheid geword." Die blad sê dat mnr. Churchill daarin geslaag het „om Brittanje te verhef van die status van Europese moondheid — een van die baie Wes-Europese moondhede — tot 'n wêreldmoondheid."** Die Cape Times verklaar voorts:

„Die neiging gedurende die afgelope ses jaar in die Verenigde State van Amerika was om Brittanje te klassifiseer as slegs nog 'n Europese land.

„Brittanje se onwilligheid om by die verskillende Europese bewegings aan te sluit, — die Schuman-plan, die Pleven-plan, die beweging vir Europese federasie en ander — is nie verstaan nie. Die Britse regering het probeer om eenkant te staan, maar hy het in gebreke gebly om die nodige leiding te gee wat sy eenkant-stanery sou regverdig.

### VENNOOT

**„Mnr. Churchill het na Washington gegaan as die verteenwoordiger van 'n land wat slegs maar die basis was vir Amerikaanse bomwerpers wat in staat sou wees om atoombomme te vervoer. Na net 'n paar dae het hy Brittanje omgeskep in 'n wêreldmoondheid, die vennoot van die Verenigde State in die botsing tussen Oos en Wes. Die solidariteit tussen Brittanje en die Verenigde State is herstel.**

„Die besonderhede wat nie in die verklaring bekend gemaak word nie, is nie so belangrik soos hierdie oorheersende feit nie. Brittanje het geweier om slegs maar een van die Wes-Europese volke te word. Daar is nog baie uitstaande verskille tussen Brittanje en Amerika. Die vaagheid van die verklaring maak dit duidelik, maar dit is ook duidelik dat Brittanje nogeens aanvaar is as 'n wêreldmoondheid en dat hy die Oos-Wes-botsing as 'n senior-vennoot aanpak."

### INTEGRASIE

Klaarblyklik is die Cape Times in sy noppies oor mnr. Churchill se omtowering van Brittanje in 'n paar dae tot 'n wêreldmoondheid. Dit is egter nie die gevoel van ware nasionalisme in Suid-Afrika nie.

**Indien Brittanje sy natuurlike geo-politieke plek in die wêreld as Europese moondheid ingeneem het en by die Europese beweging aangesluit het, sou hy sy imperialistiese beleid en verwagtinge moes laat vaar het. Dit sou bevorderlik gewees het vir nasionalisme in Suid-Afrika.**

**Maar hoe losser Brittanje hom van Europa maak hoe vaster moet hy hom in sy Empire en sy Statebond woel. Brittanje se anti-Europese beleid verklaar sy beleid van integrasie van sy Empire en sy Statebond wat hy in die jongste tye naarstiglik volg.**

En waarteen die Ossewabrandwag voortdurend waarsku.